NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 16 – Uitgawe 42 | 23 November 2023



# Klein gemeentes, groot gemeentes – wat is die plan?

***Dis 'n feit soos 'n klip.*** **So het ons op skool gesê oor iets wat ongetwyfeld vas staan. Vir die Hervormde Kerk van vandag is daar ook 'n paar sulke klip-feite:**

1. Ons het heelwat klein gemeentes (minder as 100 belydende lidmate); heelwat middelslag gemeentes (101-499 belydende lidmate), en 'n klein groep groot gemeentes (meer as 500 belydende lidmate).
2. Die behoeftes en vorm van bediening van verskillende groottes gemeentes verskil heelwat van mekaar.
3. Daar is reeds 'n ernstige tekort aan predikante (ongeveer 80 gemeentes is vakant) en die tekort gaan oor die volgende vyf jaar hand oor hand toeneem.

Teen hierdie agtergrond het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering Woensdag 15 November 'n strategiese werkwinkel gehou oor die bediening in al die verskillende gemeentes van die Kerk.

Die eerste saak waaroor die Kommissie groot duidelikheid het, is dat gemeentes *nie* 'n sekere getal lidmate moet hê om hul bestaan te regverdig *nie*. Die Kommissie aanvaar volledig dat klein, middelslag én groot gemeentes bestaansreg het in die Hervormde Kerk. Wat egter van deurslaggewende belang is, is dat 'n gemeente hul bedieningspatroon moet inrig na gelang van die grootte en omstandighede van die gemeente. Baie onnodige spanning in gemeentes spruit uit 'n onbewustelike drang om 'n sekere geïdealiseerde vorm van bediening in 'n gemeente te laat werk wat eenvoudig nie haalbaar is nie.

Aan die ander kant is die Kommissie tog ook ten gunste van konsolidasie tussen kleiner gemeentes waar dit 'n sinvolle opsie is. Veral in stedelike gebiede waar gemeentes nie ver van mekaar af is nie en mense redelik maklik kan beweeg, is samewerking of samesmelting dikwels 'n goeie opsie. Daar is talle voordele aan konsolidasie: Dit word meer haalbaar om 'n eie predikant te beroep en te behou, groter kategeseklasse en meer jeugaktiwiteite verseker verdere groei, en beduidende kostebesparings is moontlik indien minder kerkgeboue in stand gehou moet word en minder personeel nodig is (slegs een orrelis, koster, administratiewe beampte, skriba, kassier, ensovoorts).

Ringskommissies speel 'n belangrike rol om gesprekke tussen gemeentes te fasiliteer met die oog op die mees effektiewe bediening in elke omgewing. Dit bring weer die noodsaak van konsolidasie van ringe na vore sodat elke ringskommissie elke jaar genoeg predikante en bekwame kerkraadslede het wat goeie leiding kan gee. Die Kommissie wil ringskommissies graag aanmoedig om die geleentheid vir netwerkbediening te ondersoek en te ontwikkel. Dit sou beteken dat enkele sterk gemeentes in 'n ring dien as 'n ankerpunt vir die ring van waaruit kleiner gemeentes bedien kan word. Hiervoor moet ouderlinge deeglik opgelei en toegerus word, en moet die beste gebruik van die beskikbare tegnologie gemaak word.

Gemeentes word aangemoedig om hul kerkfasiliteite veeldoelig aan te wend. So word die voetspoor van die NHKA duideliker binne elke gemeenskap, en kan die inkomste gebruik word om die oorhoofse koste van die geboue te finansier sodat die gemeente kan voortgaan om die fasiliteite vir eredienste en gemeentelike aktiwiteite te behou.

(Lees verder op bladsy 2)

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Aan die einde van die werkwinkel was die Kommissie opgewonde oor al die wonderlike idees wat na vore gekom het. Daar is planne, en daar is sukses! Die Kommissie het geoordeel dat dit vir die Kerk van groot waarde kan wees om te leer by gemeentes wat al begin het om te eksperimenteer met alternatiewe bedieningsvorme. Die Kommissie het gevolglik besluit om aan die begin van 2024 ’n besprekingsdag te hou waar ringskommissies en gemeenteverteenwoordigers met vrymoedigheid kan vertel, luister en leer wat in hul omstandighede werk of nie werk nie.

Ons Kerk is deel van God se kerk op aarde. Hy is aan die werk in hierdie wêreld, en Hy wil ons gebruik – wat ons gemeente se omstandighede ook al is. Daarom kan ons met hoop en vertroue voortgaan om te dien waar Hy ons geplaas het.

**Dr Wouter van Wyk**
**Sekretaris: Kommissie van die AKV**

Berigte/advertensies vir plasing in vanjaar se *Blitspos* kan nog tot Dinsdag 28 November na **produksie@nhk.co.za** gestuur word. Die laaste uitgawe van vanjaar is dié van 30 November, en die eerste van 2024 dié van 18 Januarie.

## Lief en leed

- Ds Anna-Marie Kloppers van Rustenburg Jac van Belkum se moeder, **mev Susan du Preez** (née Kruger) (73), is Saterdagaand 18 November oorlede. Ds Anna-Marie en ds Hein Kloppers se seun is die middag getroud, en hul ander seun trou binne die volgende twee weke. Ons innige simpatie gaan aan die Kloppers-egpaar en hul familie, te midde van die hartseer vermenging van emosies.



Mev Ria Naudé

- **Mev Ria Naudé** (94 jaar en 10 maande), moeder van mev Magda van Deventer en weduwee van ds MJ (Thys) Naudé wat in 2009 oorlede is, is Sondag 19 November na ’n kort siekbed oorlede. Die troosdiens vind plaas op Vrydag 24 November om 10:00 in Gemeente Pretoria-Oos. Ons innige meelewing gaan aan Magda en haar familie.

- Dit begin stadig maar seker beter gaan met mev **mev Kitty Botha** (81), moeder van ds Hannelie Botha (beroepafwagtend / *Die Christelike Vrou*) en weduwee van ds TJ (Theuns) Botha wat in 2016 oorlede is. Sy het ’n operasie ondergaan nadat sy geval het en haar femur gebreek het, en omdat sy ’n diabeet met onstabiele suikervlakke is, is die herstel moeilik. Ons bid haar spoedige beterskap toe.

- Baie geluk aan **prop A (Annami) McClintock en prop DA (Dirk) van Rooyen** wat Donderdagmiddag 16 November gelegitimeer en beroepbaar gestel is. Die erediens is gelei deur ds Lammert van Rooyen, broer van prop Dirk van Rooyen. Dr André Ungerer, hoof van die Hervormde Teologiese Kollege, het die Diplomas In Kerklike Bediening aan die proponente oorhandig. Prop McClintock het toekennings ontvang in Nuwe Testamentiese Wetenskap, Religie en Missiologie, Dogmatiek en Christelike Etiek, Kerkgeskiedenis en Praktiese Teologie.



Prop Annami McClintock en prop Dirk van Rooyen

- **Die volgende predikante verjaar tot 1 Desember, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 23 November: Di ME (Mariaan) Beukes (61) (siekte-emeritaat) en HS (Henk) Joubert (61) (Welgelegen-Pietersburg)
  - Vrydag 24 November: Dr GJ (Gerhard) Niemann (40) (beroepafwagtend), di JJ (Jacques) Pieterse (55) (Laer Suidkus) en CAP (Neels) van Tonder (67) (emeritus)
  - Saterdag 25 November: Ds H (Hanri) Reichel (26) (Van Warmelo)
  - Sondag 26 November: Ds GJ (Gert) van Staden (76) (emeritus)
  - Maandag 27 November: Ds MA (Michael) Müller (31) (Klerksdorp-Wilkoppies)

- Dinsdag 28 November: Dr BJ (Barry) van Wyk (77) (emeritus/Warmbad) en ds SH (Fanie) Willers (37) (ampsvoorreg/nie-diensdoende)
- Donderdag 30 November: Ds JF (Jan) Wilson (68) (emeritus)
- Vrydag 1 Desember: Prof Y (Yolanda) Dreyer (67) (emeritus / Nederlandssprekende Gemeente)

## Gemeentes en bediening


Ds Mariët Robbertze

- **Ds MD (Mariët) Robbertze** van Philadelphia (deeltyds) het ’n beroep ontvang na Kempten. Sy het die beroep aanvaar en word op 4 Februarie 2024 daar bevestig.

- **Werkruimte vir deeltydse bediening: Gobabis.** Gemeente Gobabis beskik oor ’n vakature vir ’n deeltydse predikant, vanaf Januarie 2024. Die predikant moet twee eredienste per maand in Gobabis hou en in die week tussen die twee Sondae die normale pastorale versorging van die gemeente behartig. Die werksaamhede in Namibië is onderworpe aan ’n werkpermit. Die gemeente nooi belangstellende predikante om met die skriba, John Venter, per vonkpos **jventer41@gmail.com** of +264 81 230 6846 te skakel vir meer besonderhede.

- **Vakante pos: Finansiële Beampte**
  **Gemeente Montana**
  Aanvangsdatum: 1 Maart 2024
  Salaris: Onderhandelbaar
  Werkure: Maandag-Vrydag 08:00-13:00, Sondae na kerk,
  bywoning van vergaderings
  **Sluitingsdatum vir aansoeke: 15 Januarie 2024**
  Stuur aansoek na: **hermon@absamail.co.za**
  Posvereistes: Graad 12 met Rekeningkunde;
  rekenaarvaardig in Excel, Word, Sage en Pastel

- **Ventersdorp: Gesamentlike Kerssangdiens**
  Sondag 26 November 18:00
  By Hervormde Kerk
  hv Visser- en Cheynestraat

## ’n Gedig

**Ontwrig**

Alleen
met Collins/Coetzee se woordeboek,
met Johannes-Paulus II, hande voor die mond,
onder ’n tapisserie-Madonna,
met klanke van ’n viool-en-klavesimbelsonate
van Corelli uit die speler
onder ’n pyprak langs twee blakers,
sit ek verbrokkel
tussen hierdie bestanddele vir ’n stillewe
sonder die saamstellende kunstenaar,
want jy is na Australië.

**Hewitt Visser**
**(Vader Bonaventure Hinwood)**
* 1930 † 2016
(Uit: *Soenoffer*, 1991)

## Kerklike en ander publikasies

- Die **2024 *Almanak/Bybelse Dagboek*** is van die drukker ontvang en is beskikbaar by die Sinodale Dienssentrum se boekwinkel in Derdepoort. Bestellings kan steeds geplaas word by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za**.




- **Boekbekendstelling Woensdag 29 November (aanlyn)**
  **16:00-17:30**
  *Kortpad-Praatjies I: Afrikaans vir beginners /*
  *Shortcut Chats I: An interactive workbook*
  Deur Rina Loader en Charlene Human
  Virtuele bekendstelling op Zoom
  RSVP **https://zoom.us/webinar/register/WN**
  OmbRGJHRSwOWpECJH3Dicg
  Navrae: **wikusvz@uj.ac.za**




- Lees die negende uitgawe van die **gratis aanlyn publikasie *Lalasini*** by **https://lalasini.co.za/om/#p=1**. In sy redaksionele berig skryf **dr Piet van Staden** (emeritus/Worcester) dat ons in tye van stryd en ellende alles wat goed, eerbaar en edel is, moet omhels. Lees ook oor Kaapsche Hoop, Mauritius, tuinmaak vir voëls en bye, die mites van ouderdom en aftrede, Kersfees op Nimmerrust, en vele meer. Vorige uitgawes kan hier gelees word: **Lalasini - Archive**.

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Silverton**
  **Wen 'n heel lam ter waarde van R3 000**
  Dis die perfekte Kersgeskenk!
  Van 13 November tot 15 Desember, wanneer die lootjietrekking gebeur
  Alle fondse ten bate van gemeente se dakfonds
  Koop kaartjie vir R50 en staan 'n kans om die lam te wen
  Net betyds vir die feestyd!

  Ondersteun asb hierdie inisiatief sodat ons ons dak kan herstel. Om 'n lootjie te koop, gaan na **https://forms.gle/bp2UMUFuTAmDvGpS6** en volg die instruksies.

- **Gemeente Ebenhaëzer: Liggiefees 2023**
  **Vrydag 1 en Saterdag 2 Desember**
  Van 16:00 tot laat saans
  Heerlike pret en vermaak vir die kinders
  Smaaklike kos om aan te smul
  Opwindende program van Kers- en gewyde sang

Dalk ’n opvoering of twee
Met plaaslike sanggroep Grinadiers
Gemeentes, lidmate en skole kan gratis deelneem
Bespreek ’n stalletjie vir die Kersmark:
R600 vir 2 dae binne, R500 vir 2 dae buite
Toegang is gratis
Donasies is welkom en sal vir liefdadigheid aangewend word
Vir meer besonderhede skakel Mariana van der Merwe (084 745 1054)
Mirinda Pretorius (083 313 6267)
Christine Kruger (083 362 8504)

- **Alphonso Theron: Munga-uitdaging**
  Begin 29 November in Bloemfontein en eindig 5 Desember in Wellington
  Poging om R1 000 000 in te samel –
  1 000 persone of instansies wat elk R1 000 skenk

  **https://rata.org.za/alphonso-se-monsteruitdaging/**

  **Elektroniese betalings**
  Rata Maatskaplike Dienste MSW
  ABSA tjekrekeningnommer: 020 600 209
  Takkode: 632005
  Verwysing: MUNGA + Naam

- **Alphonso en Rata: Uitdaging aan gemeentes, Rata-kantore en besighede**
  **Ry met fiets, draf of stap 1 000 keer om die kerk of kantoor**
  **Saterdag 25 November of Saterdag 2 Desember**
  - 10 lidmate wat 100 maal om die kerk gaan
  - 100 lidmate wat 10 keer om die kerk loop of ry
  - Ander idees

  Tree op as borge of skenkers vir deelnemers
  Skenk die totale bedrag aan die Rata Alphonso Monsteruitdaging

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Barmhartigheid

- **NHSV Studieleningsfonds 2024**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan ***hier*** afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2024.**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Enkelwoonstel (*bachelor*): R495 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Toerusting

- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-aanbiedings en Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens* **(ds Hannes van der Merwe)**; Module II – *Hoe berei predikante preke voor* **(dr Gerhard Nel)**; en Module III – *Die aanbied van 'n preek* **(prof Yolanda Dreyer)**. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by **https://youtu.be/TnQNNDxzmP4** afgelaai word. Module II – *Die kuns van goeie gesprekvoering* **(dr Johan Bester)** is beskikbaar by **https://youtu.be/VfUgoBXodwA**, *Hoe om lidmate in tye van krisis te begelei* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/dUJ9kXs4Tvw,** en *Siekebesoek en sterwensbegeleiding* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/AcAQ3DrH7yw**. Kry die gevorderde toerusting in Bybelkennis: Ou Testament **(ds Marina Kok-Pretorius)** by **https://youtu.be/wz7AsQqrvrY?si=VDweMoQBXJPny4xT**, en die gevorderde toerusting in Nuwe Testament **(ds Martin Slabbert)** by **https://youtu.be/K20IZchTaUo**.


SkillsPro GROUP
Departement van Teologie in samewerking met die
NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Diploma in Bediening
Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; 5 jaar deeltyds



***Toelatingsvereistes***
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie

"Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk."

***Inskrywings vir Januarie 2024 open 1 Oktober 2023***

Navrae: Ds Bouwer Serfontein
E-pos: ministry@skillspro.co.za
Selnommer: 082 339 7854

*Maak 'n verskil in die Koninkryk van God*

## Studentesake

- **Gemeente Stellenbosch: Eerstejaarskamp.** Is jy 'n Matie in 2024? Kom kamp dan saam van **Sondag 28 tot Dinsdag 30 Januarie 2024**. Leer mekaar ken, leer die omgewing ken en kom geniet dit net. Koste: R400 per persoon. Kontak dr Chris le Roux by **cleroux@mweb.co.za** of 079 495 3239 vir meer besonderhede.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp**
  **30 Januarie – 2 Februarie 2024**
  By Venterskroon-kampterrein
  Kry inligtingsvorm vir jou besonderhede
  **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**
  Vir meer inligting, skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Gelofteweek by die Voortrekkermonument

- Die **Voortrekkermonument (VTM)** hou van **9 tot 16 Desember Gelofteweek**, met prettige aktiwiteite vir die hele gesin. Van 8 tot 15 Desember sal die VTM tot 22:00 oop wees. Vanaf 9 Desember tot die aanloop tot Geloftedag op 16 Desember gaan die VTM elke aand om 19:00 **die Gelofte** aflê. Kom ervaar die geleentheid by die Lewende Laer, en kom kyk ook hoe maak Kanon Susanna haar stem dik – en dit nogal in die aand! Verder sal daar markte, Volkspele en Boeredanse wees, 'n verskeidenheid toneelstukke, gaskunstenaars, kinderaktiwiteite, nagtoere, liplek-lekker maaltye by ons restaurante en vele meer. Kom doen jou Kersinkopies by ons meer as 100 stalletjies by die **Mark op die plein, Kersmark en ProPatria-mark** wat elke dag tydens die Gelofteweek uitstal, of besigtig die **kunsuitstalling binne die Monument** en stap deur ons Vryheidsreis tot binne ons liggietuin. **Gaskunstenaars:** Elandré (9 Des); Bernice West (11 Des); Ricus Nel (12 Des); Liezel Pieters (13 Des); Jay du Plessis (14 Des); Juanita du Plessis (15 Des). Registrasies vir Geloftedag is nou oop. Elke volwassene moet asseblief registreer. Gaan na **https://vtm.org.za/gelofteweek-2023/** en vul die vorm op die webtuiste in. Gaan na **www.vtm.org.za** vir meer inligting.

## SP Engelbrecht-museum




"Hierdie unieke versameling is onder meer die vrug van prof SP Engelbrecht (1891-1977), kerkhistorikus en teoloog, se intense belangstelling in die geskiedenis van die Kerk en sy besef dat die tasbare oorblyfsels van hierdie geskiedenis vir die nageslag bewaar moet word. 'n Kosbare kerk- en kultuurhistoriese skat wat die NHKA se Protestantse herkoms en inheemse voortgang in Suider-Afrika uitbeeld.

Die SP Engelbrecht-museum is die grootste kerkmuseum in Suid-Afrika. Die versameling is in 1901 deur prof Fanie Engelbrecht begin toe hy sy oorlede vader se onderbaadjie ontvang het. Die Museum is in 1961 amptelik uitgestal in die Dirk van der Hoffgebou, sedert 1995 in Barton Keep-herehuis, en van 2010 tot 2018 in die Du Toitstraat-kerkgebou. Van 2018 af word die Museum gehuisves in die oudste kerkie in Pretoria se Moot.

Prof SP Engelbrecht word beskou as ’n kerkvader van die NHKA. Hy was kerkhistorikus by uitnemendheid. Hy onderrig Kerkgeskiedenis aan UP, maar ook Suid-Afrikaanse Vaderlandsgeskiedenis. Ons sien dit in ons versameling: kerkeie items (kerkvoorwerpe en kerkmense se voorwerpe), ook kultuurvoorwerpe wat wyer kyk as kerk en dus volksgeskiedenis in herinnering roep. ’n Kosbare versameling wat prof SP met versiendheid bymekaargemaak het!

Ou ds DF Erasmus (sr) het geskryf dat prof SP argusoë gehad het. ’n Klomp oë, waarvan daar altyd ’n klomp wakker was. Altyd wakker en bewus – sien raak en identifiseer items wat bewaringswaardig is vir ons geskiedenis en veral ons toekoms.

’n Kerkmuseum is veel meer as ’n stowwerige stoor waarin ou goeters weggebêre word – dis ’n plek waar die storie van God met sy mense deur voorwerpe vertel word. Gelowiges wat deur God se verlossende liefde kon leer en lei, liefhê, versorg, dien en so tot ’n seën kon wees.

Ons Museum is nie ’n argief nie. Argiewe bêre dokumente, registers, boeke, foto’s, briewe. Mense kan navorsing daar gaan doen, selfs via internet of e-pos. ’n Museum kan nie ingepak word nie. ’n Museum lééf juis in uitstalling waarna mense kan kom en kyk hoe lyk hierdie driedimensionele voorwerpe wat werklikwaar in die verlede daar was, byvoorbeeld ’n kerkbank waarop Jopie Fourie moontlik gesit het, iets wat gebruik is deur die eerste predikant in Transvaal, ensomeer. Dit doen iets aan iemand om hierdie goed te kan sien en dalk soms daaraan te kan vat ook.

Eerste item in die Museum: Gert, prof SP se vader, se sterfonderbaadjie wat baie persoonlik is; dit vertel ook God se storie saam met sy mense. Gert, ouderling van Gemeente Standerton, se vrou Etresia het al die boeke van die gemeente in die Anglo-Boereoorlog veilig bewaar op vlugtogte. Klein Fanie word groot met die oorheersende gedagte: Iets moet bewaar word. Op 14-jarige ouderdom begin hy dokumente en ander items bewaar.

Ons Museum bewaar onder andere meubels, kuns, klere, gebruiksvoorwerpe, geraamde portrette, graf- en hoekstene, items van bekende kerkfigure, maar ook van gewone kerkmense. Ons word in die Museum herinner aan wie ons is, waar ons vandaan kom. Dit gee inligting – veral aan jongmense en kinders wat nie meer die geskiedenis elders leer nie. Die Argief in die gebou van die Erfenisstigting by die Voortrekkermonument bewaar ons Kerk se registers, notuleboeke, foto’s en boeke.

**Werd om te weet**

- Google / Facebook-blad: SP Engelbrecht Museum
- Oop vir besoeke per afspraak
- Reël begeleide besoeke met ds Carel Johann de Bruin by 082 733 3951
- Toegangsfooie: R40 per persoon
- Groepe meer as 10 mense betaal R30 per persoon
- Veilige parkering
- Oprit vir rolstoele
- Piekniekplek
- Finansiële skenkings om hierdie erfenis te bewaar, is welkom
- Unieke voorwerpe kan geskenk word

**Kry ons hier**

In die 1905 Wonderboompoort-kerkie, die oudste kerkgeboutjie in die Moot van Pretoria, by Mansfieldlaan 624, Eloffsdal, Pretoria.

Op GPS Google Maps: SP Engelbrecht Museum of 624 Mansfield Avenue. Tik dan in Engels vir korrekte Google-aanwysings.

Roete: Draai vanuit Mansfieldlaan of Steve Bikostraat (Voortrekkerweg) in Booysenstraat, ry om die blok; ingang vanuit Eloffstraat, hek 4, gemerk SP Engelbrecht.” (Ds Carel Johann de Bruin)

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir November

Heer van alle tye en plekke,
U wat die verlede, die hede
en alles wat nog voorlê
in u hande hou:
in die herinneringe en verhale van my lewe,
hou my naby U in tye van droefheid
en wanneer die trane vloei;
verbly U saam met my in tye van blydskap
en wanneer vrolike stemme om my opklink.
Wees met my in al my onthou.
Amen.

www.churchinwales.org.uk/en/faith/prayer/year-of-prayer
(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)




Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel